Ons Vaderland

Bus 422. PRETORIA. Tel. 548.

WAARHEID, VRYHEID, REG.

WOENSDAG, 21 MEI 1930

## Stadsaal Gedoente

Die Uitvoerende Komitee van die Provinsiale Raad het geweier om sy goedkeuring te heg aan Burgemeester Dey se bouplanne op die Pretorius-plein, en Ons Vaderland reken dat die Uit. Komitee volkome reg gehandel het. Pretoria is nie somaar so'n dorpie meer nie, maar hoofstad van die Unie, en die Eerste Minister van die Unie, sowel as die Administrateur van Transvaal, wat gelukkig ook 'n seun is van Pretoria,—behoort alle seggenskap te hê in dinge soos hierdie.

Mnr. Dey het hom beroep op die "publiek", maar hy weet so goed as die Uitv. Komitee, dat enige duisende belastingbetalers van Pretoria ernstige besware gemaak het teen die aanwending van Pretorius-plein vir genoemde doeleinde.

Mnr. Dey het Saterdag die persverteenwoordigers bymekaargeroep, en aan hulle oorhandig 'n kommunikee, waaruit ons verneem hoe hy ernstig gemeen het om te bedank, maar toe weer besluit het om dit nie te doen nie. "Ek is dus tot die beskikking van Pretoria," verseker mnr. Dey, "om hierdie saak deur te druk." Ons wil hoop dat mnr. Dey niks sal probeer "deurdruk" nie, aangesien 'n handeling van dié aard, d.w.s. so'n drukkery, onder die omstandighede net tot allerlei onplesier kan lei.

Mnr. Dey het, toe indertyd die memorie van belastingbetalers aan hom voorgelê werd teen die voorgenoeme Pretorius-plein planne, nie eens die beleefdheid gehad om daarop te antwoord nie. Vandag weet hy heelwat te beduie van die "gebruikelike beleefdheid tussen twee liggame"—waarmee *nota bene* bedoel word: die Uitv. Komitee aan die éenkant, en die stadsraad aan die ander! As hy begérig is om te weet welke redes die Uitv. Komitee gelei het in hulle beslissing dan wil ons 'n slag daarnaar slaan, en mnr. Dey meedeel, dat die voorgenome deurdrukkery oor die hoofde heen van die publiek, net soos sy willekeurige verandering kan ons historiese straatname, en verdoping met Engelse name, enkele van die vernaamste redes kan wees.

Daar bestaan ernstige bedenkinge teen die aanwending van die Pretorius-plein, waarvan spekulasie, — net soos met die waterskema die geval was, — nog éen is. 'n Ander is, omdat bedoelde terrein veels te vér verwyderd lê van die middelpunt van die stad. En 'n vierde, besonder gewigtige rede is, omdat daar baie mooier, beter en meer vérsiende planne aan die hand gedaan werd, vir die verfraaiing van onse stad, as die kruideniers-idee om die stadsaal daar duskant die stasie neer te plak, net omdat die stad daar 'n paar erfies besit.

As mnr. Dey en die stadsraad nog geen insage gehad 't van die werkelik mooie plan van mnr. Gerhard Moerdyk, dan wil ons hom in alle erns aanbeveel om daar kennis mee te maak; en, as hy énigsins kans sien daartoe liewer te help om soiets "deur te druk", as om nou 'n hoop geld van die belastingbetalers te spandeer aan 'n lelike gebou, wat die hele swaartepunt van die stad moet verplaas. Verder sou ons hom in oorweging wil gee, dat juis dáar die Skotse plan vir 'n Afrikaanse gebou, ook 'n belangryke faktor is in die tegestand teen sy bouplanne. Ons is nie meer gedien van dergelike uitheemse dinge nie. Ons ly al lang genoeg daronder. In die boukuns het ons Afrikaners 'n eie soort van smaak en gedagte ontwikkel, en mense wat, soos mnr. Dey, met 'n bietjie tydelike mag beklee is deur ons publiek, moes veeleer probeer om bevorderlik te wees aan die éie smaak, as om dinge teen wil en dank te wil "deurdruk" waarvan die publiek tog nie gedien is nie.

Ons wil nie hê dat die Markplein aangemerk moet word as molike ánder bouterrein nie, want oor honderd jaar behoort die Markplein 'n mooie park te wees. Maar ons wou die Moerdyk-skema by ons stadsraadslede aanbeveel. Hulle kan nie hoop om 'n honderste deel daarvan uit te voer nie, maar hulle kan beginne met niks te doen wat die uitvoering moeiliker sou maak, soos die bou van 'n stadsaal, wat die hele stadsbedrywigheid skeef sou trek.